# KragDag 2026

## REËLS EN REËLINGS VIR VEE-RAS TENTOONSTELLING UITSTALLERS (GROOT- EN KLEINVEE)

1. **Ekspo tye**: Die ekspo is drie dae lank (Donderdag 6 tot Saterdag 8 Augustus) en die tye is 8:00 tot 17:00 elke dag, waartydens geen voertuie op die terrein toegelaat sal word nie.
2. **Brandmerk/tatoeëermerk**: Alle diere wat volgens wet gemerk moet wees, moet daarvolgens gemerk word.
3. **Siek diere**: Geen siek diere word op die terrein toegelaat nie.
4. **Veehanteerdersregistrasie**: Veehanteerders moet asseblief ook as bemanning geregistreer word. Veehanteerders wat nie vooraf geregistreer het nie, sal soos enige besoeker R135 ingangsfooi betaal.
5. **Biosekuriteit**:
   - Die Biosekuriteit-Veeartsverklaringvorm moet asseblief ingevul word en 'n afskrif daarvan tydens die aflaai van die ekspo-diere by die diensdoenende KragDag beampte ingehandig word om in die diereregister opgeteken te word.
   - Diere moet minstens een week voor die ekspo behandel word teen inwendige en uitwendige parasiete.
   - Meer spesifieke besonderhede oor biosekuriteitreëlings en vereistes, sal voor die ekspo beskikbaar gestel word.
6. **Aflaai van vee**: KragDag voorsien mobiele laaibanke en vee kan slegs Woensdag 5 Augustus tussen 11:00 en 14:00 afgelaai word, waar Dr Mercia Pienaar hulle sal ondersoek. Dr Mercia Pienaar sal die vee Saterdag 8 Augustus tussen 13:00 en 14:00 weer ondersoek waarna hulle van die terrein verwyder kan word.
7. **Veeuitstalling**: Veekampies is 3m x 3m vir beeste en perde en 1,85m x 1,85m vir skape, bokke en miniatuurperde. Elke uitstaller word ook van 'n 3m x 3m bemarkingspasie by die veekampies voorsien. Die veeuitstalling is onderdak (tent).
8. **Welstand**: KragDag voorsien hooi/gras as "beddegoed" vir die grootvee en houtskaafsels vir die kleinvee. Uitstallers is verantwoordelik vir eie voer- en waterbakke behalwe vir die kleinvee, CDP sal voer- en waterbakke aan die kleinvee voorsien. Diere moet te alle tye van kos en water voorsien word. Veehanteerders is te alle tye verantwoordelik vir die welstand van vee en moet saam met die sekuriteit na-ure rondtes by die vee doen, waar nodig.
9. **Skoonmaak van kampies**: 'n Diensvoertuig sal voor 8:00 en weer vanaf 12:00 by veekampies verby ry om enige vuil hooi wat reeds in sake gereed staan, te verwyder.
10. **Veearts**: Dr Mercia Pienaar (082 494 8803) sal namens KragDag tydens die ekspo diens doen.

11. **Veehanteerdersakkommodasie**: Ablusiegeriewe asook ‘n kombuisarea met ‘n stofie, tafel en gasbottel word in die veehanteerders huisvestingarea voorsien. Elke uitstaller is verantwoordelik vir eie kos, eet- en kookgerei, beddegoed en tente.

Vir navrae skakel met ons by charmaine@kragdag.co.za of 082 896 6931 (ook vir WhatsApp).